



SOLIDARITEIT GOEIE PRAKTYKSKODE: MAATREËLS VIR DIE GESONDE EN VEILIGE: TERUGKEER NA SKOLE TYDENS EN NA DIE COVID-19 INPERKING

INHOUDSOPGAWE	BLADSY
1. INLEIDING	1
2. REGULERENDE RAAMWERK	2
3. DEFINISIES	3
4. BELEIDSBEGINSELS	4
5. PROSEDURE	5
6. VLAK 4 VERSLAPPINGSMAATREËLS	20

1. INLEIDING

- 1.1 Suid-Afrika is in 'n staat van inperking, weens die SARS-CoV-2 virus, wat COVID-19 veroorsaak. Op 23 April 2020, het President Cyril Ramaphosa die gefasseerde terugkeer van Suid-Afrika vanuit totale inperking na volle ekonomiese aktiwiteite aangekondig. Op 01 Mei 2020, is die inperkingsmaatreëls verslap deur die inwerkingtreding van Fase 4 inperking in Suid-Afrika. Alhoewel hierdie inperkingsmaatreëls verskerp mag word indien die verslapping daarvan nie effektief is nie, mag dit ook in die toekoms verder verslap en uiteindelik gekanselleer word.
- 1.2 Weens die aard van die SARS-CoV-2 virus, die verwagting dat dit tot 18 maande kan neem om 'n entstof en geneesmiddel daarvoor te vind, en die vinnige mutasie van die Korona virusse, kan ons verwag dat die bedreiging van die Korona virus en COVID-19 nog vir 'n lang tyd met ons sal wees. Die verslapping en uiteindelijke kansellering van hierdie staat van inperking beteken dus geensins dat hierdie virusse wêreldwyd sal ophou om 'n bedreiging vir die gesondheid van mense te wees nie.
- 1.3 Solank as wat daar 'n risiko van biologiese agente, soos hierdie hoogs aansteeklike virusse by die werkplek is, sal skole en ander werkplekke nie weer kan terugkeer na die ou "normaal" wat geheers het voor COVID-19 nie. Weens die voortgesette bedreiging van virus infeksies, sal maatreëls soos die doen van risiko analyses vir biologiese agente, handhawing van hoë



www.solidariteit.co.za

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | F: 012 349 8510 | E: badbgv@solidariteit.co.za

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

higiëniese standaarde, fisiese (sosiale) afstand en die vermindering van mense by die werkplek, die nuwe "normaal" by skole en ander werkplekke wees.

- 1.4 Die gesondheidsbedreigings van die Korona virusse plaas die beginsels van beroepsgesondheid en -veiligheid (BGV) sentraal binne in die bekamping daarvan. Dit is dus belangrik dat die terugkeer van werknemers en leerders na skole ná die inperkings of tydens die verslapping daarvan, gedoen word op 'n gesonde en veilige manier BGV beginsels en ooreenkomstig die maatreëls wat in die onderskeie fases van verslapping van die COVID-19 inperkingsmaatreëls voorgeskryf mag word.
- 1.5 Aangesien bykans alle werkplekke gesluit was vir 'n tydperk, mag daar ook nuwe risiko's weens die afwesigheid van aktiwiteite by die werkplekke ontstaan het.
- 1.6 Die inligting vervat in hierdie dokument, is van toepassing ooreenkomstig geldende beginsels. Die vlak 4 COVID-19 inperkingsmaatreëls is tans geldig in die hele Suid-Afrika, maar dit is onderworpe aan verandering aangesien die vlak van inperking nasionaal gewysig kan word en die onderskeie provinsies in die land hulle eie fases van verslapping mag afkondig, in welke geval daar verskillende COVID-19 bekamping voorskrifte en vereistes in verskillende provinsies mag wees.

2. DOEL

- 2.1 Die doel van hierdie dokument is om struktuur en inligting te gee aan beheerliggame van skole oor goeie praktyke vir die heropening van skole tydens en ná die bedreiging van COVID-19.

3. REGULERENDE RAAMWERK

Die maatreëls en inligting in hierdie dokument vervat, moet toegepas word teen die agtergrond en ooreenkomstig die bepalings van:

- 3.1 Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, Wet Nr. 85 van 1993, soos gewysig ("die BGV Wet"), en die regulasies uitgevaardig ingevolge hierdie Wet;

- 3.2 Die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet No. 84 van 1996, soos gewysig;
- 3.3 Die Wet op Rampbestuur, Wet No. 57 van 2002, soos gewysig;
- 3.4 Toepaslike Regulasies uitgereik kragtens die Wet op Rampbestuur, 2002;
- 3.5 Die COVID-19 Beroepsgesondheid en -veiligheid Maatreëls in Werkplekke, Direktief COVID-19 (C19 OHS), 2020, uitgereik deur die Minister van Indiensneming en Arbeid in Staatskennisgewing no. 479 in Staatskoerant no. 43257 van 29 April 2020. Dit is belangrik dat kennis geneem word van hierdie die direktief (hierna genoem "die BGV direktief"), en dat hierdie direktief streng nagekom word. 'n Afskrif van die BGV direktief word aangeheg as Bylaag 1.
- 3.6 Enige maatreëls wat vir die onderskeie fases van verslapping van die COVID-19 inperkingsmaatreëls voorgeskryf mag word, hetsy deur die Minister van Onderwys of enige ander tersaaklike Minister.

4. DEFINISIES

- 4.1 "**Bedreiging**" 'n bron van of blootstelling aan gevaar;
- 4.2 "**Die Wet**" Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, Wet No. 85 van 1993, soos gewysig, insluitend enige regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet;
- 4.3 "**Perseel**" ook 'n gebou, voertuig, vaartuig, trein of lugvaartuig;
- 4.4 "**Redelikerwys uitvoerbaar**" uitvoerbaar met inagneming van-
- (a) die ernstigheidsgraad en omvang van die betrokke bedreiging of risiko;
 - (b) die stand van geredelik beskikbare kennis betreffende daardie bedreiging of risiko en van enige metode om die bedreiging of risiko te verwyder of te verminder;

- (c) die beskikbaarheid en geskiktheid van metodes om daardie bedreiging of risiko te verwyder of te verminder; en
- (d) die koste daaraan verbonde om daardie bedreiging of risiko te verwyder of te verminder in verhouding tot die voordele wat daaruit voortspruit;

4.5 **“Risiko”** die waarskynlikheid dat 'n besering of skade sal plaasvind. Dit dui ook op die onsekerheid ten aansien van 'n insident of ten aansien van die ernstigheidsgraad van die insident.

4.6 **"Risiko analise"** is, in hierdie konteks, 'n gestruktureerde benadering to die identifisering, evaluering en beheer van gesondheidsbedreigings en risiko's wat geassosieer word met blootstelling aan die SART-CoV-2 virus.

4.7 **“Werkgewer”** Die BGV Wet definieer 'n “werkgewer” as, onder andere, enige persoon wat iemand in diens het of aan hom werk verskaf en wat daardie persoon beloon of uitdruklik of stilswyend onderneem om hom te beloon. Ons doen aan die hand dat die verantwoordelikheid van die werkgewer eerstens, vir doeleindes van die BGV Wet, by die onderskeie beheerliggame van skole, wat personeel aanstel en ontslaan, lê. Tweedens lê dit by die onderskeie departemente van onderwys, wat beheer uitoefen oor onderwys op nasionale en provinsiale vlak.

4.8 **“Werkplek”** 'n perseel of plek waar 'n persoon werk in die loop van sy diens verrig.

4.9 **“Perseel”** ook 'n gebou, voertuig, vaartuig, trein of lugvaartuig.

5. BELEIDSBEGINSELS

5.1 Die gesondheid en veiligheid van die personeel en leerders by skole en ander persone wat op die persele van skole is, is ononderhandelbaar.

5.2 Alle skole moet verseker dat alle statutêre BGV beginsels en voorskrifte, sowel as gepaste BGV leidende praktyke nagekom word.

6. PROSEDURE

6.1 Minimum BGV beginsels en vereistes vir die heropening van skole en die terugkeer van personeel en leerders:

6.1.1 Ingevolge die BGV Wet het alle eienaars, werkgewers en persone in beheer van persele, 'n algemene plig om, in soverre dit redelikerwys uitvoerbaar is:

- a. Die gesondheid en veiligheid van alle werknemers by die werkplek te verseker;
- b. Te verseker dat geen persone wat nie werknemers is nie, hetsy op of weg van die werkplek af, se gesondheid en veiligheid, negatief geraak word deur die aktiwiteite by die werkplek nie. Sodanige persone sluit leerders by skole in.

6.1.2 Die BGV Wet bepaal ook dat werkgewers:

- a. Vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, nie mag toelaat dat 'n werknemer enige werk doen tensy die nodige voorsorgmaatreëls getref is om die gesondheid en veiligheid van persone by die werkplek te beskerm nie.
- b. Alle redelike stappe doen om te verseker dat die vereistes van die BGV Wet nagekom word deur elke persoon in sy diens of op persele onder sy beheer.

6.1.3 Let ook daarop dat die Staat (insluitend die onderskeie departemente van basiese onderwys) gebonde is aan die BGV Wet.

6.2 Die doen van Risiko Analises:

In die nakoming van bogenoemde verantwoordelikhede, moet alle eienaars, werkgewers en persone in beheer van persele:

- 6.2.1 'n Analise te doen waarin hulle alle bedreigings en risiko's waaraan werknemers en ander persone blootgestel mag word, te identifiseer en te beoordeel. Risiko analyses moet gedoen word deur persone wat opgelei en bevoeg is om dit te doen.
- 6.2.2 Nadat bogemelde analise gedoen is, te bepaal watter maatreëls nodig is om:
- a. Die bedreigings en risiko's uit te skakel;
 - b. Die bedreigings en risiko's by die oorsprong te beheer;
 - c. Die bedreigings en risiko's tot die minimum te beperk;
 - d. Sover die risiko oorbly, voorsiening te maak vir die uitreiking van persoonlike beskermende toerusting (PPE); en
 - e. Daardie maatreëls te implementeer en die effektiwiteit daarvan deurlopend te monitor.
- 6.2.3 Die maatreëls om die bedreigings en risiko's by die onderskeie skole te elimineer of te beheer en alle besluite ten aansien van die terugkeer van personeel en leerders na die skool en die hervatting van werk, moet risiko gebaseerd wees. Daar moet deeglike risiko analyses gedoen word by elke skool en die maatreëls waarna hierbo verwys is, moet die spesifieke toestande, bedreigings en risiko's by elke skool aanspreek.
- 6.2.4 Die BGV direktief vereis van elke werkgewer (skool) om 'n risiko analise te doen om uitvoering te gee aan die minimum maatreëls, wat deur hierdie direktief vereis word, met inagneming van die spesifieke omstandighede van die werkplek.
- 6.2.5 Risiko analyses, wat ook fokus op die risiko van virus infeksies sal voortaan deurlopend by alle werkplekke gedoen moet word, selfs in die sogenaamde "lae risiko werkplekke" soos kantore.

- 6.2.6 Daar word steeds navorsing gedoen oor die Korona virus se impak op mense en dit is belangrik dat hierdie nuwe inligting daarvoor deurlopend in ag geneem word vanuit 'n risikobestuursoogpunt.
- 6.2.7 Alle veranderings by werkplekke, byvoorbeeld werksure, die opset by werkplekke, werksomskrywings en werksprosedures, kan nuwe bedreigings en risiko's skep. Ooreenkomstig die algemene beginsels van BGV moet nuwe risiko analyses gedoen word in die geval van enige veranderings by werkplekke.
- 6.2.8 Elke skool sal moet kan bewys dat hulle al die risiko's van COVID-19 behoorlik geïdentifiseer en beoordeel het en dat hulle alle redelike uitvoerbare stappe geneem het om die verspreiding van die Korona virus na persone by die skool te voorkom. Dit is dus belangrik dat skriftelike rekords van alle risiko analyses gehou word. Hierdie rekords behoort ten minste die volgende inligting te bevat:
- a. Alle bedreigings en risiko's wat geïdentifiseer is, insluitend die aard daarvan;
 - b. 'n Beoordeling van die risiko's;
 - c. Die maatreëls wat nodig is om hierdie risiko's te elimineer of te beheer.

6.3 Die maatreëls om die bedreigings en risiko's aan te spreek:

- 6.3.1 Die regte hiërargie ten opsigte van bogenoemde maatreëls, moet gevolg word, nl:
- a. Probeer eers om die bedreigings en risiko's te elimineer;
 - b. Probeer dan om die bedreigings en risiko's te verminder;
 - c. Probeer daarna om die bedreigings en risiko's te beheer, deur bv. ingenieurs of administratiewe kontroles; en

- d. Verskaf en gebruik persoonlike beskermende uitrusting (PPE) [Algemene Veiligheidsregulasies, Regulasie 2(1)].

6.3.2 Die volgorde is dus:



6.3.3 Om seker te maak dat die risiko's van die SARS-CoV-2 virus infeksie behoorlik geëvalueer en aangespreek word, sal dit nodig wees om die terugkeer na skole en die hervatting van werk gefasseerd te doen, ooreenkomstig die vlak van inperking wat op enige gegewe stadium geld.

6.3.4 Daar moet spesifiek gelet word op die gesondheid- en veiligheidsvoorskrifte en -vereistes wat bepaal word vir elke fase van inperking van die COVID-19 maatreëls, soos deur die regering in die regulasies en direktief afgekondig word. Tans is Suid-Afrika in 'n fase 4 inperking, en 'n opsomming van die tersaaklike voorskrifte en vereistes vir hierdie fase is onder paragraaf 7 ingevoeg. Let daarop die voorskrifte en vereistes ten aansien van die fase 4 inperking, streng nagekom moet word en, Die volledige regulasies ten aansien van die vlak 4 inperkingsregulasies is beskikbaar by www.skole.co.za/covid-19-dokumente.

6.3.5 Maatreëls wat ingestel behoort te word by alle skole om die verspreiding van die SARS-CoV-2 virus te voorkom of te belemmer, kan die volgende insluit:

- a. Voordat skole heropen en persone toegelaat word om terug te keer, moet alle werkplekke eers behoorlik ontsmet word, ooreenkomstig die vlak van moontlike kontaminasie soos aangedui deur die risiko analise gedoen by daardie skool.

- b. Kritiese kontrolemaatreëls moet ingestel word vir toegang tot die skool en optrede wanneer iemand simptome, wat geassosieer word met COVID-19, toon of in aanraking was met iemand wat daardie simptome toon of gediagnoseer is met COVID-19, of wat terugkeer het vanaf 'n COVID-19 risiko area. Die simptome wat geassosieer word met COVID-19 is koors, hoes, seer keel, rooi oë of kortasem / haal moeilik asem.
- c. Sodanige kontrolemaatreëls sluit die volgende in:
 - i. Mediese sifting (“*screening*”) ten aansien van elke persoon (personeel en leerders ingesluit) wat toegang tot die skool wil verkry, met aankoms by die skool en daarna elke keer as by die skool ingekom word.
 - ii. Waar mediese sifting 'n moontlike infeksie of die risiko van 'n infeksie toon of rapporteer, moet die skool:
 - (1) Weier om die persoon toe te laat by die skool of, indien die persoon alreeds binne die skool is, onmiddellik die persoon isoleer en voorsien van 'n FFP1 mediese masker;
 - (2) Reëlings tref om die persoon op so 'n wyse te vervoer na 'n gepaste mediese instelling, dat die persoon nie 'n risiko inhou vir ander persone of lede van die publiek nie;
 - (3) Die risiko van oordrag van die virus analiseer;
 - (4) Die area waar die persoon gedurende die dag was of gewerk het ontsmet;
 - (5) Die persone wat met daardie persoon in aanraking was, verwys vir mediese sifting; en

- (6) Enige ander toepaslike stappe neem om moontlike oordrag te voorkom.
- d. Mediese sifting behels die volgende:
- i. Die neem van 'n persoon se koors, met 'n geskikte apparaat; en
 - ii. Die voltooiing van 'n kliniese vraelys wat die moontlike simptome wat die persoon mag ervaar, sowel as die moontlike kontak van die persoon met mense wat COVID-19 het of moontlik mag hê, insluit.
- e. Alle persone wat vermoed word om COVID-19 infeksie te hê moet tuis of in 'n aangewese kwarantyn fasiliteit onder kwarantyn geplaas word vir 'n tydperk van ten minste 14 dae, of vir 'n tydperk soos deur 'n mediese praktisyn gelas.
- f. Bevestigde gevalle van COVID-19 by personeellede moet onmiddellik aan die personeellid se personeelbestuur afdeling of lynhoof gerapporteer word. As daar enige gronde is om te glo dat die personeellid COVID-19 opgedoen het as gevolg van beroepsblootstelling, moet die skool 'n eis ingevolge die Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en -siektes, Wet No. 130 van 1993 en die Vergoedingskommissaris se Kennisgewing 193 gedateer 03 Maart 2020, indien.
- g. Om fisiese afstand ten alle tye te verseker; ten minste 1,5 meter afstand tussen persone en verbied alle fisiese kontak (waar moontlik).
- h. As dit nie uitvoerbaar is om werkstasies of skooltafels ten minste een en 'n halwe meter apart te spasieer nie, moet die skool:
- i. Fisiese versperrings tussen die werkstasies of skooltafels plaas of oprig, om 'n soliede fisiese afsluiting tussen persone te vorm terwyl hulle werk; of

- ii. Indien nodig, die persone kosteloos te voorsien met toepaslike PPE ooreenkomstig die risiko analise van daardie skool.

- i. Elke skool moet verseker dat fisiese afstandsmatreëls geïmplementeer word, deur toesighouding en beheer in die werkplekke, gemeenskaplike areas, oor rye en plekke soos kantiene en toilette. Hierdie matreëls kan insluit om die persone by die skool te verdeel in verskillende groepe met spesiaal aangepaste roosters, verspreide pousetye, of om die konsentrasie van persone in gemeenskaplike areas te voorkom. Aangesien baie tyd reeds verlore gegaan het, is dit onvermydelik dat 'n druk akademiese program gevolg sal word ná die heropening van skole. Dit is egter belangrik dat rekening gehou word met die risiko's van uitputting en uitbranding van leerders en dat hulle welsyn in hierdie verband geakkommodeer word.

- j. Die verskaffing en verpligte gebruik van PPE en gepaste veiligheidstoerusting, insluitend handreinigers vir alle persone, waar kontak tussen persone nie vermy kan word nie, veral aangesien asimptomatiese persone steeds andere kan infekteer.

- k. Personeel en leerders moet by uitreiking en daarna op 'n gereelde basis opgelei en ingelig word oor die korrekte gebruik van maskers, die was van hande en ander higiëniese matreëls;

- l. Die strenge nakoming van alle beroepsgesondheid en -veiligheidsvoorskrifte en -riglyne soos vervat in die onderskeie wetgewing. Kyk ook veral na die bepalings van die BGV direktief en die "*Regulations for Hazardous Biological Agents, 2001*" uitgereik ingevolge die Wet.

- m. Ingevolge die BGV direktief, moet 'n werkgewer sy werknemers wat siek is aan COVID-19 of simptome wat geassosieer word met COVID-19 toon, inlig dat hulle nie werk toe moet kom nie, maar siekverlof moet neem ingevolge artikel

22 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet No. 75 van 1997. Skole behoort eweneens ook leerders wat siek is aan COVID-19 of simptome wat geassosieer word met COVID-19 toon, inlig dat hulle nie skool toe moet kom nie.

- n. In die geval van 'n hoë risiko van COVID-19 of 'n hoë voorkoms van sulke gevalle by die skool, behoort skole plekke van isolasie voor te berei waar persone gehou kan word totdat hulle na geskikte mediese instellings geneem kan word.
- o. Reëlins behoort vooraf in plek gestel te word vir die veilige akkommodasie van leerders wat in skoolkoshuise woon ooreenkomstig die Skole Ondersteuningsentrum (SOS) se “Konsep-gebeurlikheidsplan vir koshuisleerders se terugkeer na Covid-19 inperking” wat beskikbaar is by www.skole.co.za/covid-19-dokumente.
- p. Goeie rekordhouding van leerders, personeel en alle besoekers is te alle tye belangrik, sodat kontak-opsporing kan plaasvind in die geval van COVID-19 positiewe toetsing.
- q. Verseker dat alle noodsaaklike fasiliteite en middele vir die handhawing van behoorlike higiëne by die werkplek verskaf en die verskaffing daarvan gehandhaaf word, insluitend:
 - i. Handewas fasiliteite, ingeslote seep en weggooibare papierhanddoeke (die gebruik van lap handdoeke is verbode);
 - ii. Geskikte handreinigers met 'n sterkte van ten minste 70% alkohol, saam met 'n protokol vir die ontsmetting van hande by aankoms by die skool, voordat enige klaskamer, laboratoriums of werksinkels betree word en indien leerders of personeel aan iets geraak het wat moontlik besmet kan wees;

- iii. Voorskrifte oor die gereelde was van hande in seepwater, vir ten minste 20 sekondes, en oor hoë / nie etiket, nl. om weg te beweë as 'n persoon wil hoë of nie en te hoë of nie in die persoon se elmboog of 'n sneesdoekie en om gebruikte sneesdoekies so spoedig moontlik na gebruik weg te gooi in aangeduide vullishouers vir biologiese afval.
- iv. Geskikte maskers en handskoene vir werknemers en ander persone by die skool wat COVID-19 simptome toon. Elke skool moet vir elke personeelid kosteloos voorsien van 'n minimum van twee lap maskers wat voldoen aan die vereistes gestel deur die departement van handel, nywerheid en kompetisie. Personeellede moet hierdie maskers by die werk en tydens pendel tussen huis en werk dra en dit moet ook van alle leerders en ander werkers, byvoorbeeld kontrakteurs, vereis word om maskers by die skool te dra;
- v. Sigbare plakkate en ander inligtingsmateriaal ten aansien van COVID-19 en die nodige voorkomings- en beheermaatreëls;
- vi. Geskikte houers vir die weggooi van maskers (anders as lap maskers), handskoene en gebruikte snesies;
- vii. Prosedures om te beskik oor die houers vir die weggooi van maskers, handskoene en gebruikte snesies as biologiese afval.
- viii. Voldoende opgeleide skoonmakers wat toegerus is met die nodige beskermende drag en toerusting om die afval van COVID-19 positiewe persone te hanteer en om werkplekke en alle werksoppervlaktes en toerusting gereeld te ontsmet, voordat die skooldag begin en gedurende die skooldag. Dit is belangrik dat skole 'n daaglikse skoonmaak- en ontsmettingsprotokol in plek stel;

- ix. Plekke en toerusting wat gereeld skoongemaak en ontsmet moet word sluit alle areas soos toilette, gemeenskaplike areas, deurhandvatsels, en gedeelde elektroniese toerusting in.
- x. Die instandhouding van skoon persele, fasiliteite en werkplekke.
- r. Dit is belangrik dat alle personeel en leerders betrek word in gereelde gesprekke oor die ontwrigting wat COVID-19 in die normale gang van die lewe gebring het en die ingrypende maatreëls wat by skole geld as gevolg daarvan, sodat hulle gelei kan word om die situasie te verstaan en te kan hanteer en om stigmatisering van en diskriminasie teen persone wat COVID-19 positief is of vermoed te wees, te voorkom. Waar nodig, behoort berading aan individue en groepe gegee te word.
- s. Alle personeellede wat weg van die skool af werk, behalwe by die huis, moet voorsien word van 'n voldoende voorraad handreiniger.
- t. Maatreëls ten aansien van die behoorlike beskerming van kwesbare personeellede, byvoorbeeld, persone met kroniese siektes, swanger en borsvoedende vroue en persone bo 60 jaar oud moet ingestel word. Kroniese siektes, sluit siektes soos die volgende in:
 - i. Kardiovaskulêre siektes;
 - ii. Hoë bloeddruk;
 - iii. Diabetes;
 - iv. Kroniese respiratoriese siektes soos bv. asma of tuberkulose;
 - v. Kanker;

- vi. Immuniteit onderdrukkende siektes soos bv. MIV/VIGS;
- vii. Longpatologie;
- viii. Bloedklont probleme;
- u. Spesifieke maatreëls by alle skole wat kindersorg fasiliteite voorsien, om die kinders, personeellede en ander persone by die fasiliteit te beskerm teen infeksie.
- v. Die aanstelling van 'n bestuurder om leerders, personeellede en werkplek verteenwoordigers se bekommernisse oor COVID-19 aan te spreek en hulle ingelig te hou. Die bestuurder moet ook konsulteer met die gesondheid- en veiligheidskomitee by die werkplek (indien van toepassing) oor die aard van die COVID-19 bedreiging en die maatreëls wat geneem moet word. Dit is raadsaam om die leerders se leierkorps en, sover as moontlik, alle leerders te betrek by die aktiewe bekamping van die COVID-19 bedreiging.
- w. Verseker dat die maatreëls, soos vereis in die BGV direktief en die skool se risiko analise streng nagekom word deur monitering en toesighouding.
- x. Prosedures en middele vir die rapportering van spesifieke COVID-19 diagnoses of risiko's deur leerders en personeellede. Hulle moet dadelik aan die skool rapporteer as hulle die simptome wat geassosieer word met COVID-19 ervaar (soos voormeld), of as hulle simptome soos lyfseer, verlies van reuk of smaak, naarheid, braking, diarree, uitputting, uitermatige moegheid of swakheid ervaar, hetsy hulle by die skool is of nie.
- y. Aanpassings van werk en werkplekke, om infeksie tussen persone te voorkom, byvoorbeeld deur:
 - i. Buigsame skool- en werksure.

- ii. Aanpasbare werksreëlings vir personeel waar moontlik, soos werk van die huis af of werk via telefoon of rekenaar met geen fisiese kontak tussen persone nie. Let daarop dat die BGV direktief vereis dat die werkgewer, sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, die getal werknemers op enige gegewe tydstip by die werkplek moet verminder deur rotasie, verspreide werksure, skofstelsels, afstandswerk of soortgelyke maatreëls sodat fisiese afstand bereik kan word. Waar moontlik, behoort dit ook ten aansien van leerders gedoen te word.
 - iii. Verspreide werksure, soos verskillende werkskotte.
 - iv. Die daarstel van veilige werksprosedures vir die vervoer van leerders en personeel.
- z. Aanvanklike (by terugkeer skool toe) en daarna deurlopende periodieke opleiding en bewusmaking van leerders en personeel oor die bedreiging van COVID-19, die risiko's van infeksie, en die maatreëls om hierdie risiko's effektiewelik die hoof te bied, insluitend die dra en versorging van maskers en die gereelde was van hulle hande.
- aa. Alle personeel wat terugkeer werk toe moet in besit gestel word van die nodige dokumentasie wat hulle terugkeer magtig, ooreenkomstig die vereistes van die vlak van inperking wat op enige gegewe tydstip geld.
 - bb. Waar transport verskaf word aan leerders of personeel moet verseker word dat nie meer as 50% van die voertuig se gelisensieerde kapasiteit gebruik word nie en dat alle higiëniese maatreëls nagekom word, soos die ontsmetting van die voertuie en die dra van maskers in die voertuie.

cc. Ventilasië:

Elke skool moet:

- i. Die binnehuisse areas by die skool goed geventileer hou op natuurlike of meganiese wyses, om die lading van die SARS-CoV-2 virus te verminder.
 - ii. Waar redelikerwys uitvoerbaar, 'n effektiewe lokale suigwaaier installeer met hoë doeltreffende partikel lugfiltreerders (HEPA), wat gereeld skoongemaak en onderhou word en waarvan die openinge nie terugvoer deur oop vensters nie.
 - iii. Verseker dat alle lugfiltreerders skoongemaak en vervang word deur 'n bevoegde persoon ooreenkomstig die vervaardigersinstruksies.
- dd. Aangesien 'n "werkplek" nie beperk is tot die standplaas van die werkgewer nie, moet die skole verseker dat personeellede, wat van die huis af werk, behoorlik opgelei is om self die bedreigings en risiko's by die huis te kan identifiseer en om gesond en veilig te werk.
- ee. Alle skole moet gereeld op die webblaaie van die nasionale departement van gesondheid en die nasionale instituut vir beroepsiektes verseker of daar nie enige addisionele PPE of werksprosedures is wat vereis of aanbeveel word nie, met inagneming van die aard van die werkplek of die skole se verpligtinge.
- ff. Waar moontlik, maatreëls om die immuniteit van personeellede op te bou.

6.3.6 Ingevolge die BGV direktief, moet 'n werkgewer, indien 'n werknemer gediagnoseer word met COVID-19:

- a. Onderskeidelik die departemente van gesondheid en indiensneming en arbeid, in kennis stel daarvan;

- b. Die oorsaak daarvan, insluitend enige tekortkoming in beheermaatreëls en die hersiening van sy risiko analyses om te verseker dat die nodige beheermaatreëls en PPE in plek is, ondersoek; en
- c. Administratiewe ondersteuning gee aan enig kontak opsporingsmaatreëls ingestel deur die departement van gesondheid.

6.3.7 Wat die vorige paragraaf betref:

- a. Alhoewel die direktief dit nie pertinent vereis nie, behoort dieselfde beginsels te geld ten aansien van leerders wat gediagnoseer word met COVID-19.
- b. Die direktief praat van 'n werkgewer en 'n werknemer, maar die doel van hierdie bepalings is, myns insiens, om te verseker dat die werkgewer die oorsaak van die siekte ondersoek om vas te stel of daar enige tekortkominge by die werkplek is oor die hantering bedreiging van die virus en daaroor te rapporteer, sodat die onderskeie staatsdepartemente kan verseker dat sodanige tekortkominge reggestel word.
- c. Leerders by skole is daar teenwoordig op 'n redelik permanente basis en is nie blote besoekers wat tydelik en kortstondig by die skool is nie. Vir doeleindes van die ondersoek van die oorsaak van die siekte, behoort hulle dus net soos werknemers hanteer te word.
- d. Aangesien COVID-19 kan manifesteer ná 14 dae na blootstelling, behoort die positiewe diagnoses van personeel en leerders aan hierdie siekte gerapporteer te word indien hulle langer as 14 dae terug is by die skool.
- e. Selfs al word die personeel en leerders positief gediagnoseer of het hulle die simptome getoon terwyl hulle tuis was, behoort die skool na my mening steeds

ondersoek in te stel, soos voormeld, om te bepaal of die blootstelling moontlik by die skool kon plaasgevind het.

- f. Die rapportering aan die onderskeie staatsdepartemente behoort so gou as moontlik plaas te vind nadat die skool kennisgewing ontvang het van die positiewe diagnose.
- g. Soos alreeds na verwys, behoort die skool reëlings in plek te hê om 'n persoon wat by die skool COVID-19 simptome begin wys en geïsoleer word, te vervoer na 'n gepaste mediese instelling. As dit 'n personeellid is behoort daardie personeellid of sy / haar mediese fonds die kostes van die vervoer en toetsing te dek, tensy die COVID-19 beskou kan word as 'n beroepsiekte, in welke geval die werkgewer die kostes moet dek en dit vanaf die vergoedingsfonds kan terugeis. As dit 'n leerder is, behoort die leerder se ouers of hulle mediese fonds daardie kostes te dek. As dit 'n ander persoon, byvoorbeeld 'n besoeker by die skool, is behoort daardie persoon self, of sy / haar mediese fonds verantwoordelik te wees vir daardie kostes. Dit staan die ouers van leerders wat by die skool simptome begin toon, vry om self die leerder te kom haal en na 'n gepaste mediese instelling te neem.

6.3.8 'n Personeellid of leerder wat gediagnoseer was met COVID-19 en geïsoleer was ooreenkomstig die riglyne uitgereik deur die departement van gesondheid, mag slegs toegelaat word om terug te keer na die werkplek onder die volgende voorwaardes:

- a. As die leerder of personeellid 'n mediese evaluasie ondergaan het wat bevestig het dat hy / sy negatief getoets is vir COVID-19;
- b. Dat die skool verseker dat die leerder of personeellid persoonlike higiëne, die dra van 'n masker, die handhawing van fisiese afstand en hoes-etiket streng nakom; en

- c. Dat die skool die leerder of personeellid deeglik monitor vir simptome met terugkeer skool toe.

6.3.9 Alle personeellede by skole moet ook hulle BGV verantwoordelikhede streng nakom, nl. om:

- a. Redelike sorg te dra vir hul eie veiligheid en gesondheid en dié van ander persone wat geraak mag word deur hul optrede of versuim;
- b. Met die skoolbestuur saam te werk om dit moontlik te maak dat die pligte en vereistes ingevolge die wet uitgevoer of nagekom word;
- c. Onveilige of ongesonde toestande so gou moontlik aan te meld by die skoolbestuur;
- d. Indien hy / sy betrokke is by 'n voorval wat sy / haar gesondheid kan beïnvloed of wat 'n besering aan hom- / haarself veroorsaak het, daardie voorval so gou as moontlik maar nie later nie as die einde van 'n bepaalde skooldag waartydens die voorval plaasgevind het by die skoolbestuur aan te meld, tensy die omstandighede van so 'n aard was dat die aanmelding van die voorval nie moontlik was nie, in welke geval hy / sy die voorval so gou moontlik daarna moet aanmeld;
- e. Enige wettige opdrag wat aan die personeellid gegee word, uit te voer en die gesondheids- en veiligheidsreëls en -prosedures wat voorgeskryf is deur sy / haar bestuur in die belang van gesondheid of veiligheid, te gehoorsaam;
- f. Alle PPE en ander veiligheidstoerusting behoorlik versorg en volgens voorskrifte gebruik en nie met enige voorwerpe ten aansien van beroepsgesondheid en -veiligheid inmeng, of dit te beskadig of te misbruik nie.

- g. Verseker dat hulle te alle tye in besit is van die nodige magtigingsdokumentasie ooreenkomstig die geldende vlak van inperking, sowel as van 'n aanvaarbare bewys van identiteit, wanneer hulle vir werksdoeleindes reis.
- h. Alle ander wetlike BGV verantwoordelikhede van werknemers gehoorsaam en nakom.
- i. Aanvullend tot bogenoemde verpligtinge, moet alle personeellede ook voldoen aan die maatreëls, soos vereis deur die BGV direktief.

Alhoewel hulle nie werknemers is nie, behoort bogenoemde beginsels soortgelyk (met uitsondering van die vereiste vir 'n permit), nagekom te word deur alle leerders.

- 6.3.10 Behalwe vir die bedreiging en risiko's van die SARS-CoV-2 virus, moet alle ander gesondheid- en veiligheidsvoorskrifte en -praktyke steeds nagekom en toegepas te word ten aansien van die heropening van die werkplekke en terugkeer van werknemers na die werkplek.

7. VLAK 4 VERSLAPPINGSMAATREËLS

7.1 Inleiding:

- 7.1.1 Hierdie maatreëls is van toepassing met ingang van 01 Mei 2020 en sal geld totdat dit deur publikasie in die Staatskoerant opgehef of gewysig word.
- 7.1.2 Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie maatreëls tans (13 Mei 2020) geldig is in die hele Suid-Afrika, maar dat die onderskeie provinsies in die land hulle eie fases van verslapping mag afkondig, in welke geval daar verskillende COVID-19 bekampingsvoorskrifte en vereistes in verskillende provinsies mag wees. Skole sal sodanige provinsiale wysigings moet implementeer soos en wanneer dit gewysig word.

7.1.3 Hierdie maatreëls verwys na werkgewers, werknemers en ander persone wat by die werkplek mag aandoen. Aangesien leerders, net soos werknemers (personeellede) bykans voltyds op die skoolperseel is, het ons die bewoording aangepas om leerders, waar van toepassing, in te sluit.

7.2 Vlak 4 algemene maatreëls ter bekamping van die verspreiding van COVID-19:

7.2.1 Alle personeellede en leerders moet gesigsmaskers, gemaak van lap of 'n tuisgemaakte of ander toepaslike item, wat die neus en mond toemaak, dra wanneer hulle in 'n openbare plek is.

7.2.2 Geen persoon mag toegelaat word om enige vorm van openbare vervoer te gebruik, of 'n gebou, plek of perseel te betree nie, tensy hulle 'n gesigsmasker gemaak van lap of 'n tuisgemaakte of ander toepaslike item, wat die neus en mond toemaak, dra.

7.2.3 Skole moet elke personeellid, wat in direkte kontak kom met lede van die publiek as deel van hulle pligte, voorsien van gesigsmaskers gemaak van lap of ander toepaslike item, wat sy of haar neus en mond toemaak.

7.2.4 By persele en geboue moet:

- a. Die area vloeroppervlakte in vierkante meter bepaal word;
- b. Gebaseer op die vloeroppervlakte, soos hierbo genoem, vasgestel word hoeveel leerders en personeellede op enige gegewe tydstip binne die perseel of gebou mag wees, met voldoende beskikbare spasie;
- c. Stappe geneem word om te verseker dat persone binne of buite die perseel of gebou in staat is om 'n afstand van een en 'n halwe meter van mekaar te handhaaf;

- d. Handreinigers by die ingang na die perseel verskaf word vir gebruik deur die alle persone wat die perseel wil betree; en
- e. 'n Personeellid of enige ander geskikte persoon skriftelik aangestel word as die nakomingsbeampte, wat moet verseker dat;
 - i. die voorafgaande maatreëls nagekom word; en
 - ii. dat al die voorskrifte ten aansien van higiëniese toestande en die beperking van blootstelling van persone aan COVID-19 nagekom word.

7.2.5 Alle skole moet maatreëls instel om die fisiese distansiëring van persone by die werkplek te bevorder, insluitend;

- a. Om werknemers in staat te stel om van die huis af te werk of om die noodsaaklikheid vir werknemers om fisies teenwoordig te wees, te beperk.
- b. Die voorsiening van voldoende spasie.
- c. Beperkings op aangesig tot aangesig vergaderings.
- d. Spesiale maatreëls vir personeellede waarvan dit bekend is dat hulle siektetoestande of bydraende siektetoestande het, wat hulle op 'n hoër risiko vir komplikasies of dood plaas as hulle COVID-19 sou opdoen.
- e. Spesiale maatreëls vir personeellede bo die ouderdom van 60, wat 'n hoër risiko vir komplikasies of dood het as hulle COVID-19 sou opdoen.
- f. Alle koerier- en afleweringdienste moet voorsiening maak vir die minimum kontak tussen persone gedurende aflewering.

7.3 Die terugkeer skool toe van leerders en werknemers (vlak 4 inperkings):

Die belangrikste bepalings vanuit 'n beroepsgesondheid en -veiligheid oogpunt, is die volgende:

7.3.1 Die onderliggende beginsel is dat alle persone wat van die huis af kan werk, dit moet doen.

7.3.2 Personeellede van wie vereis word om weg van die huis af te werk en om ingevolge die vlak 4 regulasies werk toe en terug te pendel, mag dit slegs doen onderworpe aan:

- a. Streng gesondheidsprotokols en fisiese afstandreëls;
- b. 'n Gefasseerde terugkeer werk toe sodat die werkplek COVID-19 gereed gemaak kan word; en
- c. Dat die terugkeer werk toe op so 'n manier gedoen word dat dit die risiko's van infeksie vermy of verminder.

7.3.3 Elke personeellid wat sy / haar woonplek verlaat om werk toe te gaan, moet in besit wees van 'n permit om toegelate werk te verrig ooreenkomstig vorm 2 van aanhangsel A tot die regulasies.

7.3.4 Plan vir terugkeer skool toe:

- a. Alle skole wat toegelaat word om voort te gaan met werksaktiwiteite moet 'n plan ontwikkel vir die gefasseerde terugkeer van leerders en personeel na die skole werkplek, voordat die skole heropen.
- b. Hierdie plan moet ooreenstem met aanhangsel E tot die regulasies, dit wil sê, dit moet ten minste die volgende inligting bevat:

- i. Die datum waarop die skool sal heropen en die skoolure;
- ii. Watter personeellede en leerders toegelaat word om terug te keer skooltoe;
- iii. Wat die planne vir die gefasseerde terugkeer van die personeellede en leerders na die skool is;
- iv. 'n Skedule wat die gefasseerde terugkeer werk toe van die personeellede en leerders uiteensit, sodat toepaslike stappe geneem kan word om die verspreiding van die virus in die werkplek te vermy en te verminder;
- v. Die stappe wat geneem is om die werkplek COVID-19 gereed te kry;
- vi. 'n Lys van personeel wat van die huis af kan werk: Personeel wat 60 jaar of ouer is en personeel met bydraende siektetoestande, van wie dit verwag mag word om om by die huis te bly of vanaf die huis te werk.
- vii. Watter gesondheidsprotokols in plek is om personeellede en leerders teen COVID-19 te beskerm;
- viii. Reëlins vir die personeel en leerders in die werkplek, ten aansien van;
 - (1) sanitêre en fisiese afstand maatreëls en fasiliteite by die ingang en uitgang van die skool;
 - (2) mediese keuring ("screening") fasiliteite en stelsels;
 - (3) die teenwoordigheidsrekordstelsel en -infrastruktuur;
 - (4) die werksareas van die personeel;

- (5) enige toegewysde area waar die publiek bedien word;
 - (6) kantien en badkamer fasiliteite;
 - (7) toegang tot mediese toetsingsfasiliteite, wat vroegtydig geïdentifiseer moet word;
 - (8) reëlins ten aansien van die rotering van personeel (vir instansies waar minder as 100% van die personeel toegelaat sal word om te werk);
- ix. Reëlins vir lede van die publiek, insluitend sanitering en fisiese afstand maatreëls; en
 - x. Die details van die COVID-19 nakomingsbeampte (wat hier onder bespreek word).

7.3.5 Vir klein skole mag die plan vir terugkeer skool toe meer basies wees, ooreenkomstig die grootte van die skool, terwyl medium grootte en groot skole 'n meer gedetailleerde skriftelike plan moet ontwikkel, gegewe die groter aantal persone by die skool.

7.3.6 Alle skole wat ingevolge vlak 4 toegelaat word om voort te gaan met werksaktiwiteite moet:

- a. Die terugkeer van personeel vanaf ander provinsies, stedelike gebiede en distriksareas infaseer; en
- b. Maatreëls ontwikkel om te verseker dat die skool voldoen aan die standarde van gesondheidsprotokols, voldoende spasie vir leerders en personeel en fisiese afstandsmatreëls vir die publiek en diensverskaffers, soos vereis mag word.

7.3.7 Alle skole wat ingevolge vlak 4 toegelaat word om voort te gaan met werksaktiwiteite moet 'n COVID-19 nakomingsbeampste aanwys, wat toesig moet hou oor:

- a. Die implementering van die voormelde plan vir die terugkeer skool toe; en
- b. Die nakoming van die higiëne standaard en gesondheidsprotokols met betrekking tot COVID-19 by die werkplek.

7.3.8 Die hou van vergaderings by die skole is toelaatbaar, onderworpe aan die handhawing van higiëne standaard en beginsel van fisiese afstand.

8. U is welkom om 'n navraag na my by paulm@solidariteit.co.za of na die Solidariteit Beroepsgesondheid en -veiligheid Afdeling by badbgv@solidariteit.co.za te rig indien daar enige vrae hieroor is

PAUL MARDON

ADJUNK HOOFSEKRETARIS: STRATEGIE EN VOLHOUBAARHEID

SOLIDARITEIT

14 MEI 2020